

Sing vooraf: Psalm 35:4 (p. 173)

- 4 My siel sal in die HERE juig / en Hom, vir hulp, my dank betuig;
my beend're saam spreek tot u ere / en sê: "Wie is soos U, o HERE,
wat die ellendiges bevry / van dié wat sterker is as hy?
Die arme – dat hy U mag loof – / verlos van dié wat hom beroof?"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 86:3, 8 (p. 432)

- 3 HEER, u goedheid is die lewe; / U sal mild ons skuld vergewe;
wie U aanroep in die nood, / vind u guns oneindig groot.
HEER, my God, ontferm U oor my, / luister as ek roep, verhoor my!
Merk uit goedheid, as ek spreek, / op die stem waarmee ek smeeek.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oorvloedig
in genade, en altoos trou / is die Heer wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, Heer, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing (nuwe lewe, versoening, die wil van God) met Psalm 1:1 (p. 1).

Wet

Psalm 1:1 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.

Gebed

Psalm 18:16 (p. 76)

- 16 Die skild van redding gee U my, / u regterhand was my naby;
u goedheid het tot my genaak / en my uit kleinheid groot gemaak.
My voet was deur u guns weer vry, / my enkels het my nie gefaal;
ek het my vyand ingehaal, / verdelg, geeneen het oorgebly.

Skriflesing: Matteus 5

Teks: Matteus 5:3

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
(Matteus 5:3 AFR1953)

Met hierdie saligsprekinge openbaar die Here Jesus Christus dat die koninkryk van God nie net aan die kom is nie, maar dat dit gedeeltelik alreeds gekom het, en as sulks in sy werk aanwesig is.

- Hy openbaar ook dat Hy nou al diegene wat in sy koninkryk sal wees, uitken – daar is sekere karaktertrekke wat hulle kenbaar maak.

U moet egter hierdie saligsprekinge reg verstaan.

- Die saligsprekinge stel nie vir ons 'n ideaal wat ons moet najaag nie.

- Daar word byvoorbeeld nie gesê dat jy dit moet najaag om arm van gees te wees om die koninkryk van die hemele te kan beërwe nie – dis nie 'n sedelike ideaal wat jy moet najaag om gered te word nie.

Die Here openbaar met hierdie saligspreking hoe groot sy krag en genade is. Hy toon aan na wie toe Hy sy liefde uitstrek in sy verlossende genade.

- Eerste gaan Hy na die ellendiges toe.
- Maar Hy betrek ook nog 'n bepaalde tipe ellendige – mense wat arm van gees is.

Hierdie mense sal bevryding ervaar in die koninkryk van God.

- Hier word nie van beloning/betaling gepraat nie.
- Daar is 'n groot verskil tussen beloning en verlossing – en hier word van verlossing gepraat.
- Die genade van God kom veral daarin uit dat die verlossing buite die bereik is van hierdie mense van wie gepraat word.
- Diegene wat in die donker vasgevang is, word verlos.

Kom ons kyk na die betekenis van die woord *salig*:

- *Salig* is die allerhoogste vorm van heil.
- Dit wys op die geluk en vrede waar God jou in sy majesteit toevou.
- Dit toon ook die plek aan waar dit gebeur, naamlik die ewige woning van God.

Die woorde *salig is die wat arm van gees is* skep eintlik 'n groot kontras, want die woord wat hier gebruik word vir *arm*, beteken eintlik *bedelaar*.

- Dis 'n mens sonder besittings en sonder verwagting.
- Hy het niks en kan ook nêrens kom nie.

Die armes van gees is dus mense wat in geestelike opsig niks besit nie. Lukas noem hulle ook net armes.

- Die Bybel beskryf hier mense wat geestelik gebrekkig is – hulle kan nie lewe sonder om sonde te doen nie.
- Hulle is geestelik onmagtig en sonder vermoë.
- Hulle is arm in hulle diepste wese.
- En hulle weet dit.

Die Here praat hier van ons.

- Kan ek en jy onself in dié woorde sien?
- Ons het uit onself geen geestelike toekoms nie.
- Ons kan onself ook nie van die duiwel en van die dood verlos nie – armes van gees.

Die onverstaanbare van God se genade is dat dit vir sulkes is wat die Here sê dat hulle volkome verlossing en vrymaking gaan verkry as hulle die koninkryk van die hemele ontvang.

Dis hier waar Psalm 34:19 inpas:

Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. (Psalm 34:19 AFR1953)

Of dit wat in Jesaja 66:2 staan:

Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord. (Jesaja 66:2 AFR1953)

Dis hoe die mense lyk van wie Jesus sê dat die koninkryk van die hemele aan hulle behoort.

- Hier staan nie geskryf hoe dit gebeur dat ons die koninkryk van die hemele ontvang nie.
- Maar dis ook nie nodig nie, want ons weet dat dit gebeur het deur die verdienste van ons Here Jesus Christus.
 - Hy het arm van ellendes geword aan die kruis.
 - So erg dat Hy op een stadium dit uitgeroep het dat God Hom verlaat het.

Jesus was dus inderdaad in sy sterwensomblikke arm van gees.

- Menslik het al sy krag Hom verlaat.
- Hy het in diepe afhanklikheid sy gees in die hande van sy Vader oorgegee (Lukas 23:46).
- Daar het Hy die straf en die toorn van God oor ons sondes gedra.

Deur hierdie lyding het Hy vir ons die voorreg van saligheid en verlossing en die ewige lewe verwerf.

- Hy het daarmee vir ons 'n blyplek voorsien in die koninkryk van God waar siekte en ellendes plek gemaak het vir die ewige lewe en die rykdom van God se heerlijkheid.
- Hy het daarmee vir ons 'n blyplek voorsien waar skeltaal plek gemaak het vir hemelkore wat dag en nag sing en God loof en prys.

Die dag van die kruisiging het daar langs die Here twee rowers gehang.

- Die een rower was selfs in sy doodsnikke opstandig.
 - Hy het geen besef van sy geestelike armoede gehad nie.
 - Hy het Jesus selfs gehaat omdat Hy nie gesorg het dat hulle van die kruis afkom nie.
 - Onoortuigdig van sy sondes sterf hy die dood van die ewige verlorenheid.
- Die ander een het gesterf in die diepe besef van sy swakheid en tekort aan krag.
 - Hy het ook bely dat die doodstraf oor hom voltrek word as gevolg van sy sondes.
 - Meteens was daar vir hom 'n vooruitsig – vir hom het die Here gesê dat hy daardie dag saam met Hom in die Paradys sal wees.

Hierdie saligspreuk sê dus iets vir ons:

- Ons moet ons armoede beleef.
- Ons moet ons algehele verlorenheid begryp.
- Ons moet besef dat ons nie sterk is nie.
- Die besef van ons sondes moet ons soort van eensaam maak – soos wat armoede die bedelaar eensaam maak.
- Ons moet bid vir die verlossing en genade van die Here.

Dan sal ons die rykdom daarvan verstaan as God ons in sy genade beloon met die ewige lewe.

Broeders en susters, hoe beleef u u geestelike lewe?

- Beleef u ook u verlorenheid?
- Word u dikwels fel gedryf deur die besef van u sondes?
- Jaag u gewete u ook dikwels oor dinge uit u verlede?

U moet weet dat dit vir sulke mense is wat die Here gesê het:

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 10-1:3 (28:3) Tweede melodie van Psalm 50

- 3 Gee ons - want ons gebrek is groot - / vandag ons daelikse brood.
Bewys ons tog barmhartigheid / en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,
soos ons, in skuldvergiffenis, / vir hul wat aan ons skuldig is.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 9 Augustus 2009